PERSVRYSTELLING
VIR ONMIDDELLIKE PUBLIKASIE

9 Februarie 2009

PSG KONSULT VERKRY PRIVATE KLIËNTE-AANDELEMAKELAARSDIVISIE VAN T-SEC

PSG Konsult, een van die land se voorste onafhanklike finansiële beplannings- en aandelemakelaarsmaatskappye, het te midde van die huidige uiters moeilike ekonomiese toestande die oorname van die private kliënte-aandelemakelaarsdivisie van T-Sec aangekondig. Die transaksie, wat nog onderhewig is aan goedkeuring deur die Mededingingskommissie, sal PSG Konsult se vyfde groot oorname in vier jaar wees.

Die oorname sal meebring dat twee van Suid-Afrika se mees gevestigde internet-gebaseerde aandeleverhandeling-platforms, PSG Online wat onder PSG Konsult as ‘n aparte entiteit sake doen, en T-Sec (voorheen Tradek), saamgevoeg word. Hierdie is ‘n verdere stap om die maatskappy met vertroue strategies vir toekomstige groei te posisioneer.

PSG Konsult bestaan uit ‘n landwye netwerk van 193 kantore wat deur meer as 500 finansiële beplanners, korttermyn-versekeringsmakelaars en aandelemakelaars beman word. T-Sec is ‘n aandelemakelary wat in 1999 tot stand gekom het en lewer tans die grootste bydrae tot die inkomste van die Tlotlisa-groep (voorheen Tradek Holdings).

Die transaksie bring mee dat PSG Konsult 10 500 nuwe private kliënte tot sy bestaande kliëntebasis van meer as 110 000 sal voeg. Sowat 5 000 van die nuwe kliënte sal regstreeks deur PSG Online van dienste voorsien word. Dit behels ook dat T-Sec se drie makelaarskantore in Sandton, Pretoria en Kaapstad voortaan onder die PSG Konsult-banier sake sal doen om sowat R51 miljoen tot PSG Konsult se omset te voeg.

Willem Theron, uitvoerende hoof van PSG Konsult, het gesê die oorname maak strategies baie sin en gee PSG Konsult nou nóg groter verteenwoordiging met adviseur-spanne in sentrale sakedistrikte. “Behalwe die strategiese aspek van die transaksie, is dit ook deel van die PSG Konsult-model om goeie geleenthede te benut wanneer dit hom voordoen. Ons bly positief oor Suid-Afrika en sy

toekoms. Dit bied aan ons die geleentheid om die maatskappy reg te posisioneer vir wanneer die finansiële markte weer groei begin toon."

Corrie de Bruyn, uitvoerende hoof van PSG Online, het gesê dit is 'n gevestigde kliëntebasis wat tot PSG Online gevoeg word. "Ondanks die huidige swak marktoestande is ons bereid om in die toekoms te belê en beskou ons dit as 'n uitstekende geleentheid om 'n platform vir toekomstige groei te skep."

Leonard Steenkamp, uitvoerende hoof van T-Sec, het gesê die transaksie bring groter waardetoevoeging vir T-Sec se private kliënte mee. As deel van PSG Konsult sal T-Sec-kliënte nou blootstelling aan 'n goed gevestigde en gediversifiseerde maatskappy in die finansiële dienstebedryf hê, wat die geleentheid bied om aan hulle 'n meer omvattende diens te lewer.

Einde

Uitgereik deur MediaVision namens PSG Konsult

Media navrae

Willem Theron
Uitvoerende hoof
PSG Konsult Bpk
Tel: (028) 316 4735
Sel: 082 557 2132
E-pos: willem@psgkonsult.co.za

Gerhard Cloete
MediaVision
Sel: 083 300 6850
E-pos: gerhard@mediavision.co.za